So is ons verraai (8)

Uit: Kruger, Paul: *Settlement of the Boer-Afrikaner People's claim to territorial self-determination: Inviting international intervention.* (**Verkrygbaar by** Chantal Kruger, VVK-kantoor, tel. 079 740 7214).

Die Naturelletrust- en grondwet, 1936 (vervolg)

"Dertien persent" van die land se oppervlakte is gevolglik misleidend: dit sou baie nader aan die waarheid wees om te sê dat swartes 50% van die land se beste landbougrond in Suid-Afrika besit en dit is aan hulle toegeken daar waar hulle self gekies het om te vestig toe hulle die subkontinent betrek het. Gegewe ons land se lang en bitter geskiedenis van swartes se plundering en barbaarse aanvalle op die Boere (wat uitgeloop het op oorloë wat hulle telkens verloor het) die talle verbrekings van afstanddoeningsooreenkomste, hulle moord en verkragting gedurende die Anglo-Boereoorlog 34 jaar tevore, en tallose ander gevalle van sulke vergrype teen die Boere, is hierdie vrywillige oordrag aan hulle van helfte van die land se beste grond (wat verder ontwikkel is met miljarde van die wit belastingbetaler se inkomste) 'n betoning van humanitêre optrede deur Boere-Afrikaners wat ongeëwenaard is in die geskiedenis van enige ander volk onder soortgelyke omstandighede.

Kritici wat kla dat die 151 404 km² grond in swart besit — wat ook verskillende edel- en strategiese minerale bevat — "te arm en klein" was om die swart bevolking van 1936 (6 500 000) te onderhou, gee by implikasie te kenne dat die swartes inderdaad ras-gesproke minderwaardig is: dieselfde oppervlakte grond het meer as 40 000 000 mense in Engeland en Wallis onderhou.

Die ware motiewe van daardie swartes wat die *Naturelletrust- en grondwet* verwerp het, het nie oor regverdigheid al dan nie, gegaan nie, maar hulle was reeds in 1936 daarop uit om Boere-selfbeskikking te vernietig en hulle vir 'n magstryd gereed te maak. 'n Sekere A.S. Mtikulu wat die *All African Convention* na Hertzog gelei het, het onomwonde verklaar: "We have everything on our side. We know that numbers count... we will ultimately get South Africa (*Changuion en Steenkamp: 165-175*).

Die Empire slaan terug in Suid-Afrika, 1939

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 het die meerderheid van die parlementariërs Hertzog se mosie om neutraal te bly, verwerp. (Neutraliteit was die keuse van byvoorbeeld die Ierse Vrystaat). Die Hertzog-regering het gevolglik tot 'n val gekom en Smuts het hom as Eerste Minister opgevolg. Terwyl Smuts sy troepe gestuur het om hulle by die Britse magte te voeg, het hy alle sfere van die Suid-Afrikaanse gemeenskap ter ondersteuning van die geallieerde oorlogspoging gemonster. Talle wapen- en ander fabrieke is opgerig en die Smuts-regering het die groot getal swartes wat vanuit die tradisionele stamgronde vir werk na die industriële gebiede gestroom het, gretig aanvaar. Verder het die aankoop van grond ingevolge Hertzog se *Naturelletrust- en grondwet* gedurende die volgende nege jaar van die Smuts-regering weinig aandag geniet (*Haywood: 70*). Smuts het gevolglik die goeie

© 2020

werk wat Hertzog in 1936 begin het, net mooi omgekeer. Die onstuitbare vloei van swartes vanaf hul tradisionele gebiede na Blank Suid-Afrika sedert 1939 sou geweldige gevolge hê in die jare wat sou volg.

Baie Boere — sommige nog oorlewendes van die Britse konsentrasiekampe — en hulle bloedverwante in die Suide het onder die leiding van verskeie organisasies teen Jan Smuts en die eise wat hy ter ondersteuning van die Britse oorlogspoging gestel het, gerebelleer. Die belangrikste van hierdie Boereorganisasies was die "Ossewa Brandwag". Soos tydens die Eerste Wêreldoorlog, het Smuts hierdie mense genadeloos vervolg (*Van Rensburg: 133-208*) en niks in sy ondersteuning van die *empire* ontsien nie. Die oorlog het die Britse skatkamer baie uitgeput, maar Smuts kon 'n broodnodige reddingsboei uitgooi: hy het naamlik goud uit Transvaal na die VSA uitgevoer ten einde die sogenaamde *Lend Lease Plan* te finansier (*Irving: 488*) — goud wat deur swak betaalde Boere- en swart mynwerkers in haglike toestande gedelf is. Terwyl die goudstawe ter waarde van miljoene ponde sterling deur Amerikaanse oorlogskepe oor die Atlantiese oseaan weggevoer is, het die ekonomiese onderdrukking van die Boere-Afrikaner onverpoos voortgeduur. Honderde duisende het steeds in armoede krepeer en diegene bokant die broodlyn was nie veel beter af nie. Teen 1946 het ongeveer 90% van diegene wat werk en 'n inkomste gehad het, enigiets tussen 'n paar pennies en £39 per maand verdien. Teen 1980 se geldwaarde sou dit ongeveer R500 per maand beloop het (*Steenekamp: 193; Giliomee 2009: 27-28*).

Die ANC word radikaal, 1944

Terwyl Smuts homself in die oorlogspoging van die geallieerdes verdiep het, het 'n jonger geslag leiers in die ANC — Lembede, Mda, Mandela, Sisulu, Tambo en andere — in 1944 'n onderafdeling van dié organisasie, naamlik die *ANC Youth League* met sy eie manifes, gestig. Die Youth League het die gematigde houding van die ANC teenoor die regering en sy strukture, soos deelname aan die verkiesing van die Verteenwoordigende Naturelleraad, verwerp (*Giliomee: 402*). In plaas daarvan het die *Youth League* die mobilisering van die massas vir meer radikale en militante optrede soos burgerlike ongehoorsaamheid, stakings, boikotte en demonstrasies voorgestaan (*Mandela: 112-114; Stadler: 20*).

© 2020